25 Augustus 2019

h a l l o.Hoogland

Geloof deur liefde tot dade

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland

Hartlik welkom by vanoggend se Tiende Dankofferfees!

Nuwe intrekkers en -lidmate

Indien jy 'n nuwe intrekker of lidmaat in die gemeente is, wil ons net sê -

baie welkom in die Hoogland familie !!

Meld asseblief in die voorportaal by die hoofdeur aan vir enige navrae. Neem gerus 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert in die brosjurevakkies of stuur 'n e-pos na annali-ze@pehoogland.co.za. Kom geniet 'n lekker koppie koffie in die voorhuis na afloop van die erediens. (*Net links van die hoofingang in die voorportaal.)*

Baie welkom by Hoogland vandag!

Program vir die dag
Tiende Dankofferfees

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: PE Noord

Gebedsgeleentheid: na die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk *na die oggenddiens* en weer *voor die aandbyeenkoms* in die Voor-huis.

10:00 Junior, Senior en Finalefase GVG

Aandbyeenkoms: Ds Thania Botha
17:30 "Hot chocolate & Games"
18:00 Byeenkoms begin

Program vir die week

Maandag : 26 Augustus
19:00 Kerkraadsvergadering

Dinsdag : 27 Augustus
14:30 Vrouebybelstudie

Woensdag : 28 Augustus
09:00 Buffelsfontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:45 Dissipelskapsreis

Donderdag : 29 Augustus
10:30 Woord werkgroep
18:00 *Coffee Talks* in die Jeuglokaal

Vrydag : 30 Augustus
05:30 Manne in geloof
(Interkerklike byeenkoms)

Hoogland Aandbyeenkomste : Let asseblief op NUWE TYE

Onthou Lentelofsangdiens
volgende Sondag, 1 September 2019 om 09:00

Skep-'n-bietjie-projek / Noodspens / Sopkombuis Bedieninge

Hoogland se ***sopbediening*** bedien weekliks op Dinsdae & Donderdae sop aan 'n groep werkloses in die Walmer woongebied en ook aan diegene wat kom aanklop. Ons sopvoorraad is altyd beperk. Help asseblief deur 'n pot sop te kook en kantoor toe te bring.

Hoogland se ***noodspens*** verlig die nood van gesinne wat swaarkry en daar versoek ons u graag om te help met toiletware en nie-bederfbare kos.

Ter aanvulling van die noodspens wil Hoogland graag die ***skep-'n-bietjie-***projek bemark, aangesien dit help om die onmiddellike nood te verlig van diegene wat hier kom aanklop. Die ***skep-'n-bietjie-***projek is daar vir die persone wat NOU 'n ete benodig. Neem gerus 'n bakkie in die voorportaal by gemeentedienste om oorblywende kos ná u eie etes in te skep. Bring dit gerus saam na die erediens of kerkkantoor toe.

Ons dink aan ...

Cookie en familie.

Rufus de Beer is op Woensdag, 14 Augustus oorlede en die gedenkdiens van dankbaarheid vir sy lewe was reeds Saterdag, 24 Augustus om 11:00 vanuit Hoogland.

Hoogland Izzy Poppie Projek

Baie dankie vir die mooi reaksie met Hoogland se Izzy Poppie projek waar ons steeds 'n verskil maak in kinders & vrouens in oorloggeteisterde lande se lewens.

Breipatrone is in die vakkies beskikbaar. Indien jy nie kan brei nie skenk gerus dubbel- of vierdraad wol.

Uit die hart ...

'n Stuk juweliersware is eenkeer aan die bekendste handelaar in New York gegee. Hy het dit geweeg en die snit en kleur getoets, 'n paar oomblikke besin en sy evaluasie op 'n stuk papier neergeskryf. Die eienaar het glad nie dié bedrag verwag nie, en maak toe sy ontsteltenis duidelik. "Maar jy moet onthou, hierdie is nie die beste stene nie," verduidelik die handelaar. "Nie die beste nie? Hoe is dit moontlik? Hulle is 'n geskenk van die koning," was die kliënt se reaksie.

"Aha," sê die ervare handelaar, "ek het al baie koninklike gawes hanteer en lankal reeds geleer dat konings hulle kosbaarste stene vir hulleself hou."

Dit is egter nie so met die oorvloed van die gawes van die Koning wie ek aanbid nie. Hy kom gee Sy kosbaarste: Sy enigste Seun sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan ontvang (Joh. 3:16); God meet vir ons 'n pragtige deel af wat ons kry en dit is vir ons goed (Ps. 16:6) en elke goeie gawe en volmaakte geskenk kom van Bo (Jak. 1:17). God hou nie die beste vir Homself nie, maar gee dit elke dag aan ons om te geniet en van te leef. Hiervoor is ons dankbaar en bring ons offers van dank: offers van lof (Heb. 13:15); offers van liefde, trou, bedagsaamheid voor God en om reg te laat geskied (Miga 6:8); my hele liggaam as offer wat vir God aanneemlik is (Rom. 12:1); offer van gehoorsaamheid (1 Sam. 15:22) en ook 'n dankoffers (1 Kor. 16:2; 2 Kor. 8:12-14; Fil. 4:17, 19).

Mag ons dankoffers met 'n opregte hart gebring word om God, ons Koning wat die beste gee, te verheerlik.

Ds. Pieter